PREDIKANTE WAT MEDIES ONGESKIK IS SOOS OP 1 OKTOBER 2004

De Beer JMC, Posbus 4661, Middelburg 1050, tel 013-2454341/chriscas@ sabex.com
Erasmus BJ, Suiderstraat 429, Posbus 16528, Pretoria-Noord 0116, tel 012-5462389.
Herbst WJ, Jack Hindonstraat 407, Pretoria-Noord 0182, tel 012-5469035.
Janse van Rensburg CJ, Joubertstraat 66, Posbus 44, Bronkhorstspruit 1020, tel 013-9320224.
Kern HPF, Posbus 1070, Zeerust 2840, sel 0824945347.
Maré NJ, Posbus 175, Vredenburg 7380, tel 0832295767.
Schutte JB, Pittsburgweg 2, Posbus 580, Evander 2280, tel 017-6321892/0825889995.
Schutte S, Dorpstraat 40, Posbus 6, Fochville 2515, tel 018-7712245/0828937738.
Slabbert WJ, Nebusstraat 744A, Faerie Glen 0043, tel 0822964150/0839886105(Ria)/wj slabbert@cns.co.za
Stoltz DJP, Posbus 717, Tzaneen 0850, tel 015-3075950/0829009079.
Van Rensburg HJJ, Posbus 19797, Pretoria-Wes 0117, tel 012-3770325.
Van Wyk RDJ, Posbus 53, Koster 2825, tel 014-5432758.

PREDIKANTEWEDUWEES

I Beytel, Posbus 2304, Nylstroom 0510, tel 014-7174833/0829278977.
EF Bierman, Nedholme-woonstel 206, hv Leyds- en Walkerstraat, Sunnyside 0002, tel 012-3433962.
CE Booysen, Hollandstraat 111, Eduanpark, Polokwane 0699, tel 015-2938061.
MC Booysen, Posbus 1549, Marmanet-woonstel 48, Kempton Park 1620, tel 011-9769148.
D Botha, Amot-woonstel Nr 14, Posbus 827, Parys 9585, tel 056-8112650.
AMFH Botha, Posbus 45, Swartwater 0622, tel 014-7671554.
E Brandt, Posbus 278, Ermelo 2350.
AJ Breedt, Nassaustraat 22, Afondal Bo, Parow 7500, tel 021-9390273.
G Breedt, Posbus 633, Magalieskruin 0150, tel 012-5482699.
M Buitendag, Posbus 15796, Lynn East 0039, tel 012-3321774.
J Coetzee, Mollerstraat 225, Meyerspark 0184, tel 012-8030756/4286900.
M (Claassens) Nel, Frik Nel Motor en Hersteldiens, Stasieweg 76b, Lyttelton Manor 0157, tel 0827320332.

Z da Silva, Posbus 12191, Hatfield 0028, tel 012-4600775.
M Dreyer, Posbus 9151136, Faerie Glen 0043, tel 012-9911300.
M Dreyer, Simonéstraat 43, De Tijger Estate, De Tijger 7500, tel 021-9390583/0827405486.
MS Dreyer, Van Wyklaan 24, Potchefstroom 2531, tel 018-2946395.
AG (du Plessis) van Schalkwyk, Posbus 283, Haenertsburg 0730, tel 0829234385.
A (de Wet) de Waal, Frieslandlaan 410, Lynnwood 0081, tel 012-3613925.

ACM Engelbrecht, Tamarisk 28, Fredericklaan 1109, Eldoraigne 0157, tel 012-6543604.

L Fourie, Posbus 945, Brits 0250, tel 012-1122016.

B Geertsema, Huis Herfsblaar A316, Queenswood 0186, tel 012-3331935.

MME Habig, Posbus 524, Warmbad 0480, tel 014-7365704/7363124.

E Mans, Odelaan 320, Villieria 0186, tel 012-3290278.
M Marais, Posbus 24122, Gezina 0031, tel 0837566005.

C Prins, Van Deventerrylaan 150, Wonderboom 0182, tel 012-5675619.
J (Rhoda) Pretorius, Posbus 904107, Faerie Glen 0043, tel 012-9910040.

D Smit, Posbus 700, Montanapark 0159, tel 012-5480252.
EJ Smit, Posbus 2097, Montana 0151, tel 012-5481860.
R Smith, Posbus 208, Pretoria 0001, tel 012-5460736.
PH Storm, Ons Herberg Nr 54, Markstraat, Bronkhorstspruit 1020, tel 013-9325667.

TN van der Westhuizen, Posbus 8397, Centurion 0046, tel 012-6642783.
AC van Rensburg, Connorweg 15, Chase Valley, Pietermaritzburg 3200, tel 033-3948987.
MMJ van Schalkwyk, Posbus 31003, Totiusdal 0134, tel 012-3333225.
E van Staden, Posbus 2040, Nylstroom 0510.
N van Staden, Alfonso-woonstel 203, hv Hertzogstraat en 30ste Laan, Villieria 0186, tel 012-3311424.
JZ van Staden, Posbus 261, Somerset-Wes 7130, tel 021-8517838.

HI (van Tonder) Rautenbach, Breyerlaan 1282, Waverley 0186, tel 012-3320871/0834389892.
HJ Viljoen, Diamantpark 19, Bronkhorstspruit 1020, tel 013-9320517.
J Visser, Posbus 1404, Sinoville 0129, tel 012-5431632.

A (Willemse) de Jongh, tel 012-6667215.
I Wolmarans, Sewende Laan 47, Alberton-Noord 1449, tel 011-9078655/9021200.

VROEËRE EN EMERITUSPROFESSORE EN -DOSENTE

JH Greyvenstein, BA, D Theol (Utrecht), (Sutherland 1911), Pretoria 1914, hoogleraar 1917, dekaan Teologiese Fakulteit 1924-1926, emeritaat 1945, oorlede 15 November 1967.
SP Engelbrecht, D Theol (Utrecht), georden 29 Mei 1921, hoogleraar 1921, dekaan Teologiese Fakulteit en Teologiese Fakulteit Afd A 1927-1928, 1930-1956, emeritaat 1956, argivaris 1957, afgetree 1957, oorlede 20 Augustus 1977.
B Gemser, D Litt (Groningen), (Lutjegast 1917), hoogleraar 1926, dekaan Teologiese Fakulteit 1929-1930, emeritaat 1955, oorlede 15 November 1962.
HP Wolmarans, MA, DD (Groningen), georden 8 Julie 1922, Zeerust 1922, Pietersburg 1927, lektor 1935, Boksburg 1937, hoogleraar 1938, dekaan Teologiese Fakulteit Afd A 1957-1959, emeritaat 1958, Johannesburg-Suid 1960, dosent Stoffberg Teologiese Skool 1961, uitgetree 1966, Van Warmelo/Dendron/Vivo 1968, uitgetree 1970, oorlede 1981.
A van Selms, D Theol (Utrecht), (Hansweert 1930, Culemborg 1935), lektor 1938, verlaat Ned Hervormde Kerk 1964, oorlede 1985.
CH Rautenbach, BD, PhD, 1923, georden 22 Januarie 1927, Erasmia 1927, Pretoria 1930, Noordelike Pretoria 1934, dosent 1939, eervol ontslaan 1946 (rektor UP 1948-1970), oorlede 1988.
AS Geyser, MA, DD, georden 16 Augustus 1941, Heilbron en Parys 1941, Noordwestelike Pretoria 1944, hoogleraar 1946, uitgetree 1962, verlaat Ned Hervormde Kerk 1968, oorlede 1985.
BJ Engelbrecht, BA, D Theol (Groningen), georden 18 Februarie 1950, Florida 1950, hoogleraar 1952, dekaan Teologiese Fakulteit Afd A 1970-1987, emeritaat 1988. Allcockstraat 150, Colbyn, Pretoria 0083, tel 012-4305510.
ES Mulder, BA, D Theol (Utrecht), georden 30 Mei 1930, Zwartruggens 1930, Bronkhorstspruit 1931, Springs 1944, Pretoria 1949, Pretoria-Oos 1952, hoogleraar 1956, dekaan Teologiese Fakulteit Afd A 1960-1969, emeritaat 1970, oorlede 1974.
AD Pont, MA, D Theol (Utrecht), georden 15 Oktober 1955, Elsburg 1955, hoogleraar 1957, emeritaat 1992. Posbus 35838, Menlopark 0102, tel 0824688455.
FJ van Zyl, BA, DD, georden 28 Mei 1939, Johannesburg 1939, Standerton 1941, Lydenburg 1948, Springs 1949, Wonderboompoort 1957, hoogleraar 1960, emeritaat 1978, Potchefstroom-Noord 1978, pastorale hulp Weltevreden 1983. Bergseringlaan 437, Magalieskruin 0150, tel 012-5675570.
SPJJ van Rensburg, BA, DD, georden 5 Augustus 1932, Eendracht 1933, Randpoort 1942, Potchefstroom 1947, Potchefstroom-Noord 1948, Pretoria 1950, hoogleraar 1963, emeritaat 1972, oorlede 1974.
JG du Plessis, BA, BD, georden 24 Januarie 1960, Trichardtsfontein 1960, dosent Stoffberg Teologiese Skool 1967, oorlede 1968.
JI de Wet, BA, DD, georden 14 Februarie 1951, Melville 1951, Johannesburg-Noord 1951, Krugersdorp-Oos 1958, Pretoria (studenteleraar) 1961, Philadelphia 1964, hoogleraar 1968, oorlede 1983.

JP Oberholzer, MA, DD, geordeń 11 Februarie 1951, Salisbury cs 1951, Boksburg 1954, Middelburg 1956, Rustenburg 1959, Pretoria 1963, Verwoerdburg 1965, hoogleraar 1971, dekaan Teologiese Fakulteit Afd A 1988-1992, emeritaat 1992. 31ste Laan 282, Villieria, Pretoria 0186; Posbus 11414, Queenswood 0121, tel 012-3335114/jpo@mweb.co.za

PJT Koekemoer, BA, DD, geordeń 5 Augustus 1950, Pietersburg 1950, Turffontein 1953, Primrose 1955, Pietersburg 1958, Bloemfontein 1960, Rustenburg 1964, Magaliesburg 1967, Potchefstroom-Noord 1968, Potchefstroom-Suid 1977, hoogleraar 1979, emeritaat 1990, pastorale hulp Kampersrus 1990-1992. Villa Deoné nr 3, Meyerstraat 1152, Waverley, Pretoria 0186, tel 012-3323191.

GC Velthuysen, BA (Hons), DD, geordeń 28 Januarie 1967, Witbank-Suid 1967, Potchefstroom-Studente 1968, Wonderboompoort 1970, Duncanville 1972, Swartkop 1981, hoogleraar 1987, bedank 1988.

DJ Booysen, BA, DD, DD (UNISA), geordeń 7 Februarie 1959, Chrissiesmeer cs 1959, Carletonville 1962, Primrose-Oos 1966, Edenvale 1968, dosent Stoffberg Teologiese Skool 1969, hoogleraar 1972, dekaan Teologiese Fakulteit UNIN 1985, emeritaat 1997, oorlede 1999.

E Engelbrecht, BA, DD, geordeń 12 Januarie 1962, Elsburg cs 1962, Elsburg 1963, Waterval Boven cs 1964, Volksrust 1965, Outjo cs 1967, Witbank-Suid 1969, Magaliesburg 1978, Krugersdorp-Noord 1981, lektor 1984, hoogleraar 1986, emeritaat 1997. Fairview Close 3, Milnerton Ridge 7441, tel 021-5511711.

JJ Engelbrecht, BA, DD, geordeń 22 Februarie 1958, Primrose-Oos 1958, Bloemfontein1964, studeer verder 1968, Zuurfontein 1970, lektor Bybelkunde 1976, hoogleraar 1983, emeritaat 1997. Rietfonteinweg 64, Glen Marais, Kempton Park 1619, tel (011) 9723600/0832300914.

JH Koekemoer, BA, DD, geordeń 23 Januarie 1960, Turffontein 1960, Bethal 1963, Zuurfontein 1965, Pretoria-Suid 1972, direkteur KITAL 1978, hoogleraar 1987, dekaan Teologiese Fakulteit Afd A 1992, emeritaat 2001, Posbus 2217, Mooinooi 0325, tel 0834509248.

GMM Pelser, BA, DD, geordeń 23 April 1960, Randfontein 1960, Pretoria-Wes 1962, Voortrekkerhoogte 1966, Philadelphia 1968, hoogleraar 1972, bedank 1989, hertoegelaat 1990, geordeń 3 Maart 1991, direkteur Sentrum vir Teologie en Diens 1991, Delmas (deelsorg) 1991, hoogleraar 1993, emeritaat 2001. Posbus 2639, Faerie Glen 0043, tel 012-3614698.

SJ Botha, BA, DD, geordeń 29 Julie 1961, Primrose 1961, Randpoort 1966, Koedoesrand 1968, Boksburg 1970, Philadelphia 1972, Weermagkapelaan Voortrekkerhoogte 1975, hoogleraar 1980, hoof HTO 1985-1992, hoogleraar UP 1993, emeritaat 2001, Posbus 910-953, Pyramid 0120, tel 012-5459275.

HG van der Westhuizen, BA, DD, geordeń 6 Januarie 1962, Christiana cs 1962, Vliegepoort 1964, Vryburg 1966, Sannieshof 1970, Rustenburg 1977, hoogleraar 1979, rektor HTO 1992, emeritaat 1997, Goede Hoop, Posbus 4, Pk Piet Plessis 8621, tel 053-9840020/0721539106.

MJ du P Beukes, BA, DD, geordeń 8 Januarie 1966, Vanderbijlpark 1966, Sannieshof cs 1968, Newlands 1969, Zuurfontein 1976, direkteur KITAL 1982, hoogleraar 1989, Villieria (deelsorg) 1999, Brits 1999. Johanstraat 7, Brits 0250, tel 012-2520158.

AA da Silva, BA, DD, geordeń 28 Januarie 1967, Johannesburg 1967, Pretoria-Wes 1970, SA Polisiekollege 1977, Wonderboom 1980, bedank 1985, hertoegelaat 1988, Hartebeeshoek (deelsorg) 1988, Witfontein (deelsorg) 1993, Pretoria-Wes (deelsorg) 1996, oorlede 2000.

WC van Wyk, MA, DD, geordeń 28 Junie 1970, Pretoria-Oos (deelsorg), hoogleraar Semitiese Tale 1 Julie 1971, dekaan Lettere en Wysbegeerte 1 Julie 1983, emeritaat 7 Mei 2000. Woodlandsrylaan 1282, Queenswood 0186, tel 012-3333873.

LJS Steenkamp, D Phil, BD, geordeń 27 Januarie 1973, Ogies 1973, Villieria 1977, direkteur KITAL 1989, hoogleraar 1990, direkteur SVTT 1994, Kemptonpark-Noord 2000, Dickensonlaan 1366, Waverley, Pretoria 0186, tel 012-3321443(h).

LC Bezuidenhout, BA (Hons), DD, georden 26 November 1978, Voortrekkerhoogte 1978, Suidoos-Witbank 1980, Kensington (deelsorg) 1982, Stellenbosch 1990, lektor Bybelkunde 1993, buiteland 1999.
JH Barkhuizen, D Litt, BD, georden 22 Februarie 1981, Wesmoot (deelsorg) 1981, Hartebeeshoek (deelsorg) 1987, emeritaat 2000, Seaview-rylaan 3159, Bettysbaai 7141; Posbus 251, Bettysbaai 7141, tel 028-2729206/0823450053.
APB Breytenbach, BA (Hons), DD, georden 18 Januarie 1969, Elandspoort 1969, lektor Bybelkunde 1972, hoogleraar 1980, emeritaat 2004, beroepafwagtend, Posbus 11425, Hatfield 0028, tel 012-3481003/0836014862.
PA Geyser, BA, DD, georden 18 Februarie 1968, Pretoria-Suid 1968, Delareyville 1971, Pollakpark-Springs 1974, Noordelike Pretoria 1978, direkteur KITAL 1980, dosent Bybelkunde 1997, hoogleraar 2000, emeritaat 2004, beroepafwagtend. Charlesstraat 52, Bailey's Muckleneuk, Pretoria 0181, tel 012-4606108/0829268371/pag@ccnet.up.ac.za

HOSPITAALBEDIENING IN PRETORIAGEBIED

WERKWYSE

Die volgende werkwyse geld tans:

(a) Die ***gemeentes van die ringe van die Pretoriagebied*** neem verantwoordelikheid vir die bediening by hospitale soos aan hulle toegewys. Pasiënte vanuit gemeentes buite die ringe van Pretoria word ***slegs op versoek*** van die tuisgemeente besoek.

(b) Die tuisgemeentes van pasiënte moet dus die gemeente/predikant wat verantwoordelik is vir die bediening by 'n betrokke hospitaal, ***in kennis stel*** van pasiënte wat daar gehospitaliseer is.

(c) ***Terugvoering*** aan die tuisgemeentes insake die pastorale versorging van pasiënte sal, soos wat dit prakties moontlik is, gegee word.

BEDIENINGSVERANTWOORDELIKHEID

HOSPITAAL	VERANTWOORDELIKE GEMEENTE/PREDIKANT		TELEFOON-NOMMER
Pretoria Akademies	Pierneef	P de Kock	(012) 333 6630
	Noordelike Pretoria	Ds AG Strauss	(012) 335 9208
	Wonderboom-Suid	Dr JH Breytenbach	(012) 335 6206
Femina Oumashoof (Ou Moedersbond) Ginekologie	Philadelphia	Ds MJ Slabbert Dr PJ van Staden	(012) 460 6158 082 861 8723 (012) 460 4115

HOSPITAAL	VERANTWOORDELIKE GEMEENTE/PREDIKANT		TELEFOON-NOMMER
Wilgers	Meyerspark	Dr JMG Storm	(012) 803 7528
Pretoria-Oos	Rietvallei	Ds H Herbst	(012) 997 5122
		Dr EC Kloppers	(012) 345 1572
		Dr WC Kloppers	(012) 345 1572
Faerie Glen	Wapadrant	Ds JM Delport	(012) 991 2575
Denmar		Ds TF Dreyer	082 552 9394
Sungardens Hospice			
Little Company of Mary	Meyerspark	Ds LJ van der Linde	(012) 343 7388
Zuid-Afrikaans	Pretoria-Oos	Ds HT van Deventer	(012) 361 2726
Jakaranda			
Urologie	Silverton	Ds J van Immerzeel	(012) 804 0797
Ooginstituut	Poort	Dr JJ Steenkamp	(012) 808 1221
	Derdepoort	Ds PC Swanepoel	(012) 800 2402
Meulmed	Pretoria	Ds J Dippenaar	072 154 6772
Medforum		Ds W Mans	072 224 3351
Harthospitaal	Pretoria-Tuine	Dr MA Botma	(012) 460 7768
	Wesmoot	Dr SM de Beer	(012) 386 9582
Eugene Marais	Wonderboompoort	Ds W de V Sauer	(012) 335 0040
	Bergsig	Ds F Nortjé	(012) 379 9981
	Oos-Moot	Dr E van Eck	(012) 333 6081
		Ds RTI Pienaar	(012) 332 0322
	Wonderboom	Ds MJ van der Westhuizen	(012) 331 7547
Bougainville	Noordwestelike Pta	Ds GS de Beer	(012) 386 9582
	Wesmoot	Dr SM de Beer	(012) 386 9582
Akasia en	Hartbeeshoek	Dr GCJ Nel	(012) 546 5623
Garankuwa		Ds JM Bevolo-Manders	(012) 565 4283
	Theresapark	Ds JS Naudé	(012) 542 1321
	Witfontein	Ds JT Manders	(012) 565 4283
	Pretoria-Noord	Ds K Koning	(012) 565 5079
Moot Hospitaal	Villieria	Ds AC Kuyper	(012) 331 2132
	Pierneef	Ds P de Kock	(012) 333 6630
Montana Kliniek	Wonderboom	Ds PS Esterhuizen	(012) 567 6860
	Montana	Ds DW van der Watt	(012) 543 1217
		Ds RJ Coertze	(012) 567 6952
	Grootvlei	Ds CG Liebenberg	(012) 545 0644

HOSPITAAL	VERANTWOORDELIKE GEMEENTE/PREDIKANT		TELEFOON-NOMMER
Pretoria-Wes en Kalafong	Elandspoort	Ds EC Eckard	(012) 386 6640
	Pretoria-Wes	Ds HJ Odendaal	(012) 343 7011
	Erasmia	Ds JJ Greyling	(012) 460 5875
Unitas, Vista en Weskoppies	Verwoerdburg	Ds PF Viljoen	(012) 664 0738
		Ds GJ van Staden	(012) 663 1921
1 Mil Hospitaal	Swartkop	Ds D Barnard	(012) 653 2462
		Ds APJ Beukes	(012) 654 3198
		Ds JM van Staden	(012) 654 3471
	Rooihuiskraal	Ds GC Lindeque	(012) 661 6334

Artikels

GEMEENTE PRETORIA 1855-2005

Eenhonderd en vyftig jaar evangelieverkondiging

– Prof AD Pont

Inleidend

'n Gemeente is altyd 'n eiesoortige gemeenskap omdat die middelpunt van die gemeente, dit waarom dit werklik gaan, bo- en buitekant die gemeente geleë is. Want 'n gemeente is 'n geloofsgemeenskap wie se aandag en geloof op die drie-enige God gerig is. Hul lewe en werk in die wêreld word, as dit goed is, gekleur en bepaal deur hul verbondenheid aan die Ewige en die Almagtige God. Daarom geld eie waardes, eie voorkeure en 'n eie lewenstyl in 'n gemeente.

Aan die ander kant is 'n gemeente ook deel van die lewe en die kultuur van die volk in wie se midde hy bestaan. Daarom praat die kerk byvoorbeeld Afrikaans en het alles wat met die Afrikanervolk gebeur 'n bepaalde weerklank in die gemeente of kerk. En as kerk en volk so met mekaar verweef is soos dit in die ou *Zuid-Afrikaansche Republiek* gebeur het, dan is kerk en volk keersye van dieselfde munt.

Heelwat het sedertdien verander. Soms kry mens die indruk dat alleen as kerk en wêreld teenoor mekaar staan, is dit aanvaarbaar! Maar dit kom ook voor dat die kerk, juis omdat dit 'n geloofsgemeenskap is, in die pad staan van baie ideologieë van hierdie wêreld. En dit gebeur nogal dat die wêreld rondom die kerk baie moeite doen om sy opvattings en sy gedagtes in die kerk te infiltreer omdat die kerk tog nog steeds 'n magtige meningsvormer

is. So gesien, het die pad van die kerk deur die wêreld moeiliker geword omdat die kerk dikwels nie betyds wal gegooi het teen die opkoms van ideologieë wat die evangeliewoord van die kerk weerspreek nie.

Ook in Gemeente Pretoria, wat vanjaar op 9 September 150 jaar oud word, het baie van hierdie dinge gebeur. Hierdie gemeente, wat deur ds Dirk van der Hoff gestig is, is verrassend genoeg 'n paar maande ouer as die dorp Pretoria wat later so 'n grootstad geword het. Pretoria is aangelê omdat die Voortrekkervadere in hierdie leë land wat hulle in besit geneem het na die vertrek van Mzilikazi 'n sentrale hoofstad wou hê. Van hieruit het die invloed van die Voortrekkergemeenskap uitgegaan oor die Oorvaalse gebied wat in 1852 erkenning van sy onafhanklikheid van Engeland gekry het.

Met alle Voortrekkerdorpe het die Voortrekkers begin om 'n kerkplein uit te meet en om dan die dorp rondom die kerk aan te lê. Hier in Pretoria was dit nie anders nie. Die eerste kerkgebou het in die noordwestelike hoek van die teenswoordige Kerkplein gestaan, ongeveer voor die huidige Paleis van Justisie. In daardie kerkgebou het ds HS Bosman, toe die Hervormde predikant van Pretoria, die gebed gedoen toe sir Theophilus Shepstone as Engelse Administrateur in 1877 ingesweer is. Skaars vyf jaar later, in 1882, het die kerk afgebrand. Prof SP Engelbrecht skryf dan daaroor: *Verskillende mense het in die brand 'n oordeel van God gesien omdat sir Theophilus Shepstone in 1877 in die kerk ingesweer is....*

Die eerste pastorie waarin ds AJ Begemann gewoon het, het aan (die teenswoordige) Paul Krugerstraat gelê, op die perseel waar die Paleis van Justisie gebou is.

Nadat die eerste kerk afgebrand het, is weer begin met die bou van 'n nuwe kerk. Dit was in die deurmekaarjare van die gepoogde kerkvereniging. Wat begin is as 'n Hervormde kerkgebou is toe in 1885 ingewy as 'n kerkgebou van die Verenigde gemeente van Pretoria. Daaroor het, met die mislukking van die vereniging, 'n yslike dispuut ontstaan sodat die regering uiteindelik maar Kerkplein en die kerkgebou gekoop het en die geld tussen die Hervormde gemeente en die Verenigde gemeente verdeel het. Die Hervormde gemeente het in 1899, net voor die Engelse Oorlog, kaart en transport van die plein aan die regering gegee.

Die groot kerkgebou op Kerkplein is daarna deur die Verenigde gemeente gebruik. In 1904, toe besluit is om die stoflike oorskot van pres SJP Kruger in staatsie in daardie kerkgebou te laat lê, het die Engelse militêre regering skielik besluit dat die gebou bouvallig is en dit afgebreek. Vandaar dat Kerkplein, tot vandag toe, sonder 'n kerkgebou is!

So gesien, het daar die afgelope 150 jaar baie dinge oor die gemeente gegaan. Dit alles kan nie hier behandel word nie. Hier gaan dit maar om enkele momente uit die lang geskiedenis om aan te toon waarom Pretoria tog, in 'n sekere sin, 'n eiesoortige gemeente in die kerk is.

Die Konsulentsgemeente van Pretoria

Een van die merkwaardighede van Gemeente Pretoria is dat hier in 1869 'n tweede gemeente gestig is. Dit was 'n eienaardige gemeente in die sin dat die gemeente presies dieselfde grense as die oorspronklike gemeente gehad het. Maar die Konsulentsgemeente is bedien deur ds GW Smits van Rustenburg en het sy eie kerkgeboue gehad op Witfontein en Renosterpoort, oos van Pretoria. Die gemeente is ook deur 'n eie kerkraadsvergadering gelei.

Dié gemeente het ontstaan omdat ds AJ Begemann, wat vanaf 1861 predikant van die gemeente was, die gesag en die waarheid van die Skrif onder verdenking gebring het. Daarteen het van die lidmate in verset gekom, en die Konsulentsgemeente het ontstaan. Uiteindelik het die hele saak voor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gedien en het die Kommissie vasgestel: ... *dat zij* (die Kommissie) *elke daad, die strekken kan om het gezag van den Bijbel bij de gemeente te verminderen, afkeurt als zijnde gevaarlijk, ontijdig en onnoodig.*

Die Konsulentsgemeente het bly voortbestaan tot in 1904 toe die gemeente weer met die ou gemeente Pretoria verenig het. Dit is ook 'n hele omslagtige verhaal. Na die vertrek van ds Begemann was die gemeente vakant van 1872 af totdat ds HS Bosman, 'n Stellenbosse proponent, in 1876 in Pretoria bevestig is. Dit was nie 'n gelukkige keuse nie, want ds Bosman was een van die groot drywers om na die Engelse Oorlog van 1880-1881 die Hervormde Kerk met die NG Kerk van Transvaal te laat verenig. Eintlik was dit meer 'n poging van die NG Kerk om die Hervormde Kerk oor te neem as enigiets anders.

Die vereniging het toe in 1885 plaasgevind. Die Konsulentsgemeente van Pretoria het egter geweier om te verenig en het saam met lidmate van Middelburg en Trichardtsfontein (Standerton) 'n kombinasie gevorm; ds MJ Goddefroy is uit Nederland beroep. Daar was toe in Pretoria 'n Verenigde gemeente (die ou Hervormde gemeente saam met 'n klompie NG lidmate) en die Hervormde (Konsulents-) gemeente. Die Verenigde gemeente het die Hervormde kerkgebou oorgeneem en die Hervormde (Konsulents-)

gemeente het 'n *noodkerk* gebruik wat op die Plein gestaan het waar die Stadsaal nou is.

Daar het egter ontevredenheid in die Verenigde gemeente ontstaan en die oorspronklike Hervormers in daardie gemeente het planne beraam om terug te keer na die Hervormde Kerk. In 1890 het diaken ADW Wolmarans en ds CW du Toit 'n Prokurasiekommissie gestig om aan die Hervormde lidmate in die Verenigde Kerk 'n pad terug na die Hervormde Kerk te bied. So ontstaan daar dan 'n Hervormde Prokurasiekommissiegemeente in Pretoria met ds CW du Toit as konsulent!

Eers na die Engelse Oorlog van 1899-1902 is dié koddigheid opgeklaar. Dit was nadat prof PJ Muller uit Nederland na Pretoria gekom het op versoek van die kerkraad by monde van oudl ADW Wolmarans. Toe verenig Gemeente Pretoria onder die bediening van ds Goddefroy met die Konsulentsgemeente wat deur ds CW du Toit bedien is.

Nadat ds Goddefroy en prof Muller 'n tydjie lank saam in Gemeente Pretoria gewerk het, het ds Goddefroy 'n beroep na Middelburg aangeneem en het Pretoria weer 'n eenpredikant-gemeente geword. Die gemeente het toe in 1905 sy *nuwe kerk* in Du Toitstraat ingewy – 'n kerkgebou wat vanjaar 'n honderd jaar oud is.

Uit hierdie jare is daar 'n mooi tipering van ons Hervormers deur oudl ADW Wolmarans wat in 1904 aan prof PJ Muller geskryf het: *Ons volk is tamelyk streng Kalvinistisch, doch wy moeten niet hebben de bekrompen Kalvinist, die byvoorbeeld verbiede 's Zondags per rytuig kerkwaarts te gaan of kos te koken omdat de dienstboden moeten rusten overeenkomstig de Wet. Ook moeten wy niet hebben zy die eerst Gods Woord willen verbeteren en dan 't overige neemt als Gods Woord.... Doch wy moeten hebben een predikant die ondubbelzinnig verklaard de Bybel aan te nemen als Gods Woord en als de eenige fondament van ons tegenwoordige en toekomstige leven....*

Dit was duidelik uit hierdie skrywe en die hele geskiedenis van Gemeente Pretoria dat die Hervormers 'n gemeenskap van gelowiges wil wees wat vashou aan hul belydenis en trou wil bly aan die geloof van die kerk soos dit uitgedruk is in die belydenisskrifte van die kerk.

Juis daarom is dit so merkwaardig dat juis in Pretoria daar wéér 'n predikant was wat, vanweë die verwerping van die leer van die kerk, sy dienswerk in die gemeente moes staak. Dit was ds CJL Ruysch van Dugteren wat in 1911 die bediening neergelê het nadat hy van die kansel af gestel het dat hy nie meer die belydenis van die kerk kan onderskryf nie.

Gelukkig was nie al die predikante van Pretoria sulke aweregse manne nie. Die meerderheid was kerkmanne of in die beste sin van die woord: kerkvaders. Dink maar aan mense soos dr (later professor) JHJA Greyvenstein, dr HCM Fourie, ds Simon Vermooten wat geslagte teologiese studente geïnspireer het deur sy prediking, dr (en later professor) ES Mulder – om net na die ouer geslag te verwys.

Die gelowiges

Wanneer oor 'n gemeente gepraat word, gaan dit vanselfsprekend nie net oor die predikante nie. Maar omdat hul doen en late in die gemeente maklik nagegaan kan word, is die neiging om die geskiedenis van die gemeente te beskrywe na aanleiding van die predikante. Tog is die geskiedenis van die gemeente, as dit goed is, veral die geskiedenis van die gelowiges. Terloops, dit was die kerkvader Calvyn wat ons geleer het om die lede van 'n gemeente aan te dui as **gelowiges**. Eers baie jare later, in die 18de en 19de eeu, kom die nuk na vore om van die lede van die gemeente te skrywe as **lidmate**, so asof die gemeente maar soos 'n vereniging met lidmate/lede is. Dit is tog merkwaardig dat daar deesdae 'n mode is om bang te wees vir Johannes Calvyn en sy uitsprake! Dit terwyl die ou kerkvader juis by uitstek vir ons 'n leermeester kan wees oor hoe om 'n gemeenskap van gelowiges in die wêreld te wees.

As mens so oor die geskiedenis van die gemeente kyk, dan is seker één van die stutpilare van die gemeente in die beginjare, oudl JF Schutte, asook JHM Struben wat in 1864 aan die gemeente 'n silwer nagmaalservies gegee het. Dan kan gedink word aan ouderlinge soos HS Pretorius en MW Vorster wat in 1867 nog daarvoor gesorg het dat Kerkplein se kaart en transport aan die gemeente besorg is.

Dink ook aan mense soos oudl NM Prinsloo wat in die dae van ds HS Bosman gewaak het oor die Hervormde tradisie en geskiedenis van die gemeente. Daar was manne soos oudl ADW Wolmarans wat in die dae na die mislukte kerkvereniging so 'n voorslag was en wat weer na die Engelse Oorlog van 1899-1902 die gemeente gelei en bymekaargehou het.

'n Merkwaardigheid van Gemeente Pretoria was die groot getal Hollanders wat hier 'n geestelike tuiste gevind het. Dit was die gevolg van pres SJP Kruger se voorkeur vir Hollandse amptenare en kundiges. Dit het seker saamgehang met die Voortrekkers se gewoonte om eerder na Holland vir hulp te kyk as na die Kaapkolonie en die Afrikaners daar. Daar kan van die

Hollanders gesê word dat hulle met oorgawe en toewyding die ou republiek en die Afrikanervolk en sy belange gedien het. Aan die oostelike muur van die kerkgebou in Du Toitstraat is daar nog 'n marmer gedenkplaat met die name van die lede van die Hollanderskorps wat in die Engelse Oorlog van 1899-1902 hul lewens gegee het vir die stryd om vryheid en reg.

Baie van daardie Nederlanders het na die oorlog aangebly in Pretoria en van hulle het gewaardeerde lede van die gemeenskap gebly. Dink hier aan mense soos Harm Oost, onderwyser, joernalis, oudstryder van die Engelse Oorlog en rebel in 1914, tronkmaat van dr HCM Fourie en dr HD van Broekhuizen, sekretaris te velde van genl CR de Wet en skrywer van die interessante boek, *Wie is die skuldiges?* Daar was die De Loors, die Groenevelts, die Haaks, die familie Braak, oudl JJ Piso en nog vele meer. In die sewentigerjare het die nakomelinge van die Hollanders 'n spuitfontein by die Tremloods in Schoemanstraat opgerig met die name van die Hollanderfamilies wat van 1850 af hul lot by die Afrikaner ingewerp het.

Die Hollander-gemeenskap in Gemeente Pretoria het in vele opsigte 'n positiewe bydrae tot die lewe van die gemeente gemaak, maar in ander gevalle ook weer spanning veroorsaak. So was daar gedurende die Wêreldoorlog van 1939-1945 nogal verdeeldheid in die gemeente. Die Hollandergemeenskap het uit die aard van die saak hulle heeltemal geïdentifiseer met hul landgenote in Nederland wat in 1940 deur Duitsland beset is. Aan die ander kant was daar ook 'n sterk aantal Afrikaners wat geen erg aan die oorlog in Europa gehad het nie en dit ook laat blyk het. Uiteindelik is die spanning opgelos toe die oorlog in Europa tot 'n einde gekom het. Kort daarna was dit ook moontlik om die oggend-eredienste in Afrikaans te hou, want ds Simon Vermooten was nog die laaste predikant van die gemeente wat Sondagmôres in Hollands gepreek het terwille van die Hollandergemeenskap.

Ander merkwaardighede

'n Interessantheid in ons kerklike geskiedenis was altyd die samestelling van die predikantekorps. Na die Engelse Oorlog was daar net drie predikante in ons kerk: ds Jac van Belkum in Heidelberg, ds CW du Toit in Potchefstroom en ds A Murray in Rustenburg. Ds MJ Goddefroy van Pretoria was krygsgevangene en die militêre regering van Milner wou hom nie toelaat om terug te keer na sy standplaas nie omdat hy 'n Hollander was.

Om die predikantegeledere weer aan te vul, probeer oudl ADW Wolma-

rans en ds Jac van Belkum om predikante uit Nederland te kry wat **ortodoks** is, dit wil sê wat sal kan aansluit by die geloof van die gemeente wat gevorm is deur die belydenisskrifte van die kerk en die geskrifte van die *oude schrijvers* soos W à Brakel, Smytegelt, Hellenbroek en die ander. So gebeur dit dat oudl ADW Wolmarans daarin slaag om prof PJ Muller te kry om na Pretoria te kom.

Ds CW du Toit het op sy beurt weer Afrikaanse predikante uit die NG Kerk gevra om te kom help en so kom ds FS du Toit in 1905 na Ventersdorp, ds PW Ennis in dieselfde jaar na Klerksdorp, en ds KT van den Heever in 1908 na Makwassie. Die predikante het na die beste van hul vermoë in die kerk gewerk, hoewel hul teologiese aksente anders gelê het as dié van die Hollandse predikante.

Miskien kan samevattend gesê word dat in 1917 met die oprigting van die Teologiese Opleiding en lank daarna, Gemeente Pretoria een van die gemeentes was waarvandaan die Nederlandse teologiese denke weldadig in ons kerk deurgewerk het.

Wanneer die geskiedenis nagegaan word, kan die geskiedenis van die gemeente byna 'n kerkgeskiedenis in die kleine wees omdat die gemeente in 'n sekere sin 'n brandpunt van die kerk gevorm het. Hier is talle Algemene Kerkvergaderings gehou; hier was vir die grootste deel van die geskiedenis van die kerk die administratiewe sentrum van die kerk, waar kommissies en rade van die kerk vergader het en die lewe van die kerk gelei is. Vanaf die sestigerjare van die vorige eeu, na die oprigting van die Dirk van der Hoff-gebou in Jacob Maréstraat, het dit byna vanselfsprekend geword dat Pretoria 'n soort *middelpunt* geword het.

Buitendien was vanaf 1917 die Teologiese Fakulteit, waar ons kerk se predikante-opleiding gevestig is, deel van die kerk se lewensterrein in Pretoria en het die teologiese professore op verskillende maniere die kerklike lewe in Pretoria gestimuleer. Vanaf Pretoria het die kerk uitgebrei ver buite die grense van stad en provinsie.

Geleidelik het Gemeente Pretoria vanweë afstigtings al meer beperk geraak tot die middestad van Pretoria. Met die prysgawe van die Afrikaner se soewereiniteit oor homself in 1994, het die middestad van Pretoria al meer verswart soos die derde golf agternatrekkers hulle meester gemaak het van die Afrikaner se stoflike erfenis. Net soos die eerste golf, die Afrikaners wat noordwaarts beweeg het na die Groot Trek, en die tweede golf van Engelse wat die Afrikanerstad wou insluit in hul empire, so het ons nou 'n derde golf wat die stad wil insluit in 'n nuwe Xhosa-empire en van die stad 'n toon-

beeld van hul lewenstyl en kultuur wil maak. Daaraan kan die gemeente seker nie veel verander nie. Dit beteken wel dat die Du Toitstraat-kerk as 'n ietwat eensame getuie van die evangelie van Jesus Christus in die middestad staan. Op die oomblik tel die gemeente maar 422 gelowiges met ongeveer 30 kinders.

Dan dink mens terug aan die dae van ds PM Smith wat saam met dr SPJJ van Rensburg en dr ES Mulder in die een gemeente gewerk het. Na hulle was daar 'n hele reeks voortreflike evangelieverkondigers – ds F du C Labuschagne, dr ECB Kotze, ds GC van Staden.

Die dienswerk van die gemeente bly 'n noodsaak in die middestad. Gelukkig is dit moontlik vanweë die verstandige bestuur van die gemeente se stoflike bates. Die gelowiges wat deesdae die gemeente vorm, bly besig met die basiese dienswerk van 'n gemeente: om 'n getuie van Jesus Christus, die Here, in die wêreld te wees. Daarin word die gemeente voorgegaan deur die huidige predikant, ds W Mans. Wanneer in September vanjaar die 150ste verjaarsdag van die gemeente herdenk word, sal dit met groot dankbaarheid kan gebeur. Onder baie verskillende omstandighede het die gemeente in die wêreld gestaan as 'n getuie van Jesus Christus, die Here, van die eiesoortige boodskap van die heil wat alleen deur die drie-enige God aan die mens gegee word. Soos 'n goeie getuie het die gemeente nie verval in allerlei wêreldverbeteringsaksies nie, maar in die wêreld gestaan en getuig van die nuwe hemel en die nuwe aarde wat aan die kom is en waarvan ons, deur die genade van God, deel kan wees.

Buitelandse bediening

– Ds APJ Beukes

Ons lewe in vreemde tye. Afrikaanssprekendes uit die geledere van die drie Afrikaanse kerke woon deesdae oor die hele wêreld versprei. In lande soos Australasië, Engeland, Kanada en Amerika is daar in sommige dele selfs 'n groot konsentrasie van Afrikaanssprekendes, soseer dat hulle selfs gemeenskappe op hulle eie kan vorm. In stede soos Londen en Auckland is daar selfs Afrikaanse kerke. Die werklike getalle van Suid-Afrikaners wat die land verlaat het, is nie beskikbaar nie. Spekulasie wil dat dit honderde duisende is. In Australië alleen word gegis dat dit enige iets tussen 70 000 en 400 000 is. Volgens Nieu-Seeland se sensussyfers is daar in die *North Shore* area van Auckland 25 000 Suid-Afrikaners. Vyf en sestig persent van die lidmate van die Sydney-gemeente van die *Reformed Churches of Australia* is gewese Suid-Afrikaners. In Engeland is daar veral groot getalle jongmense waarvan baie op werkvakansie van een of twee jaar is.

Hierdie groot uittog van Afrikaanssprekendes sedert veral 1994 is aan verskillende faktore te wyte. Redes wat mense aanvoer waarom hulle emigreer, is onder andere:

- Die politieke verandering het die lot van blankes radikaal beïnvloed.
- Regstellende aksies het baie sonder 'n werkgeleentheid gelaat en die moontlikheid van loopbaanontwikkeling is uiters beperk.
- Kinders se skolastiese opleiding en veral beroepsgeleenthede in Suid-Afrika is uiters beperk, veral as jy wit en manlik is.
- Die misdaadvlakke is onaanvaarbaar hoog en daarmee saam het sekuriteit 'n probleem geword.
- Werkaanbiedinge vir goed opgeleide Suid-Afrikaners oorsee is volop.

- Suid-Afrikaners se werkywer en toewyding word hoog aangeslaan en maak van hulle gesogte werknemers.

Hierdie en nog ander faktore het meegebring dat baie van ons mense Suid-Afrika permanent verlaat het en dit nog steeds doen.

Die eerste gedagte wat by voornemende emigrante opkom, is gewoonlik in die volgorde van werkgeleenthede, kinders se skool- en tersiêre opleiding, lewenskostes, taal (of dit 'n Engelssprekende land is), familie en vriende wat reeds daar gevestig is en dan gewoonlik laastens kerklike betrokkenheid. Dit is 'n vraag wat menige predikant al gevra is: *Dominee, by watter kerk moet ons daar inskakel?*

Die vraag is natuurlik of die Hervormde Kerk en vir dieselfde rede enige ander Suid-Afrikaanse kerk in die buiteland betrokke moet raak by kerkstigting, veral aangesien daar in feitlik elke land waarheen Afrikaanssprekendes emigreer reeds 'n Protestantse kerk met 'n Reformatoriese tradisie teenwoordig is. 'n Mens kan argumenteer dat 'n persoon wat emigreer 'n doelbewuste keuse maak om bande te breek met sy en haar vaderland en daarom ook kerk. Om hierdie rede behoort 'n mens by 'n plaaslike kerk in te skakel. Dit bly egter 'n probleem om sondermeer 'n kerk te vind waarvan die etos min of meer in lyn is met dié van die kerk waaruit 'n mens kom.

Eie aan die aard van kerkwees, behoort die kerk tog deernis te hê met mense se kerklike inskakeling in die vreemde. Dit is welbekend dat 'n mens jou diepste gevoelens alleen in jou moedertaal kan verwoord. Wanneer daar siekte, huwelikspanning of enige ander vorm van trauma kom, sou dit vir enige mens die ideaal wees om pastorale bystand te ontvang van iemand wat jou taal praat en so 'n bietjie die agtergrond (kultuur) ken waaruit jy kom. Dit bly ook 'n behoefte by die meeste mense om in hulle eie taal te bid en te sing.

Buitelandsebedieningskommissie

Enkele jare gelede het daar 'n buitelandsebedieningskommissie tot stand gekom tussen die drie Afrikaanse susterskerke. Die kommissie het sy oorsprong by die ou kapelaansdiens wat voor 1994 mense wat aan militêre attachés verbonde was, geestelik versorg het. Die fondse wat beskikbaar was, is aan die kerke oorgedra met die doel om Suid-Afrikaners wat emigreer by te staan met hulle kerklike inskakeling in die vreemde.

Die doel is nie om kerke oorsee te stig nie maar gewoon om kontakte met

geskikte kerke op te bou en mense te help om 'n kerk te kry waar hulle 'n geestelike tuiste kan vind. Die eerste prioriteit is dus om te probeer aansluiting vind by 'n geskikte plaaslike kerk. Die voordele daaraan verbonde is eintlik vanselfsprekend. Dink maar aan die volgende:

- 'n Mens word gouer deel van jou nuwe omgewing.
- Die kinders verengels baie vinnig in hulle nuwe land en omdat hulle nie meer formele Afrikaanse onderrig kry nie, is hulle nie meer vertroud met idiomatiese Afrikaans nie, en daarom volg hulle 'n Afrikaanse erediens baie moeilik.
- As die eredienste in Afrikaans is, kan die kinders nie hulle vriende wat nie Afrikaans magtig is nie saamnooi kerk toe nie, want hulle sal gewoon nie verstaan wat daar aangaan nie.
- As die gesin aan 'n Afrikaanse kerk behoort, vervreem ouers en kinders mettertyd kerklik van mekaar, want die kinders gaan gewoonlik later, wanneer hulle trou of agterkom hulle is kerklik geïsoleer as gevolg van die taal, oor na ander kerke toe.
- As daar nie voortdurend nuwe emigrante kom nie, verouder so 'n Afrikaanssprekende kerk gou en is daar nie groeipotensiaal nie, tensy die kerk ook 'n Engelse bediening op die been bring. Die vraag is dan: hoekom nie maar van die begin af deel wees van 'n bestaande kerk wie se bediening in Engels is nie?

Aan die ander kant kan gevra word: as daar genoeg Afrikaanssprekendes is en hulle het die behoefte en die finansiële vermoë, hoekom kan hulle nie 'n Afrikaanse kerk stig nie? Hier kan 'n mens aan die volgende voordele dink:

- Die kerklike etos soos wat mense dit in hulle vaderland geken het, kan behoue bly.
- 'n Mens se diepste behoefte om jou godsdiens in jou moedertaal te beoefen, bly behoue.
- Kinders word op dié manier nog steeds aan die Afrikaanse manier van godsdiensbeoefening blootgestel.
- Afrikaners behou iets van hulle eie.
- Ondersteuning vanuit die Afrikaanse kerkgemeenskap in Suid-Afrika is soveel makliker.

Indien tot so 'n stap oorgegaan word om 'n Afrikaanse kerk te stig, is daar 'n paar voetangels wat vermy moet word:

- Dit moet nie net maar 'n voortsetting van een van die bestaande susterskerke wees nie. Dit sal in so 'n geval eksklusief wees en baie potensiële lidmate uitsluit.

- Kerkregtelik sal behoorlik besin moet word oor die aard van kerkwees. Hier speel goed soos belydenis, kerkorde, beroep en opleiding van predikante 'n baie belangrike rol.
- Die lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van so 'n kerk moet behoorlik ondersoek word.
- Selfsugtige redes vir kerkstigting moet te alle tye verhoed word.

In die besinning en ondersteuning van die kerklike inskakeling van lidmate, wil die kommissie vir buitelandse bediening graag 'n positiewe en opbouende rol speel. Ook wanneer kerke in die buiteland 'n Afrikaanssprekende predikant wil beroep, speel die kommissie graag 'n ondersteunende rol om 'n geskikte persoon te vind wat beroep kan word en waar moontlik ondersteun ons so 'n persoon met die verhuisingsproses.

Paraguay

Die situasie in Paraguay is ietwat anders as in die res van die wêreld waarheen Afrikaanssprekendes oor die algemeen emigreer. Dit is 'n Spaanssprekende land met hoofsaaklik 'n Rooms-Katolieke kerklike tradisie. Dit is dus baie moeilik om 'n kerk met 'n Reformatoriese agtergrond te vind om by in te skakel. Ds PS van Tonder het tydens sy verblyf in Argentinië lidmate in Paraguay besoek en die *Iglesia Reformada de Paraguay* gestig. Hy het egter kort hierna na Suid-Afrika teruggekeer en so het die moontlikheid van gereelde bediening vervaag. Die Hervormde en Afrikaanse Protestantse Kerk het gedurende 2001 egter ooreengekom om die lidmate in Paraguay op 'n meer gereelde basis vanuit Suid-Afrika te bedien.

Die besoeke vind so min of meer drie keer per jaar plaas, elke keer vir ongeveer drie weke. Die Hervormde Kerk is vir een van die besoeke verantwoordelik en dit word behartig deur di CEC Hertzog (Middelburg-Noord), HT van der Linde (Groot Marico) en MCE Botes (Nelspruit). Die besoeke is nogal uitputtend omdat die afstande groot is en die lidmate ver uitmekaar woon. Die drie erediensplekke wat as gemeentes bedien word, is Caaguazu wat hoofsaaklik uit APK-lidmate bestaan, Chaco wat hoofsaaklik uit lidmate van die *Iglesia Reformada de Paraguay* bestaan en wat per besluit noue bande handhaaf met die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en Asunción wat 'n *Iglesia Reformada de Paraguay* gemeente is en wat op hulle beurt weer noue bande handhaaf met die Afrikaanse Reformatoriese Kerk in Suid-Afrika. Die lidmate is te min om 'n predikant te beroep en daarby vind daar ook nie

juis verdere emigrasie na die land toe plaas nie. Trouens, die neiging is eerder dat lidmate terugverhuis Suid-Afrika toe. Tog is daar 'n groot behoefte aan bediening wat solank moontlik voortgesit behoort te word en tegelykertyd sal daar na uitbreiding onder die Spaanssprekendes gekyk moet word.

Afrika

In Afrika het die situasie die afgelope klompie jare met die uitsondering van Namibië nogal baie verander. In Zimbabwe het die lidmatetal baie afgeneem, maar in die res van Afrika is al hoe meer Suid-Afrikaners besig om gevestig te raak. Dit is hoofsaaklik as gevolg van boerdery- en sakebelange dat mense van die tradisioneel Afrikaanssprekende kerke en ander kerklike groeperings hulle in Afrika vestig.

Die konsentraat Afrikaanssprekendes is egter nêrens so groot dat een kerk daar 'n onafhanklike gemeente kon vorm nie. Dit het daartoe gelei dat in Zambië 'n ooreenkoms tussen die Hervormde en NG Kerk gesluit is om twee bedieningspunte te vorm met twee standplase, een uit elke kerk. So is die Hervormde Kerk in die persoon van ds Riaan Botha verantwoordelik vir die Nkanagemeente met Kitwe as sentrum en ds Debbie Kratz van die NG Kerk vir Lusakagemeente. Zambië is 'n groot en uitgestrekte land en daarom stel die bediening hoë eise aan die twee predikante. Hulle moet lang afstande oor slegte paaie reis om by al die lidmate uit te kom.

Dieselfde hoë eise word aan ds Buks van Heerden in Zimbabwe gestel, aangesien hy alleen al die lidmate in Zimbabwe moet bedien wat oor die hele land versprei is. Ook in Zimbabwe is die samewerking tussen die Hervormde en NG Kerk baie goed en dui alles daarop dat in die nabye toekoms 'n samewerkingsooreenkoms gesluit sal word wat die land in vier pastorale gebiede sal verdeel, met die Hervormde Kerk verantwoordelik vir een van die bedieningspunte.

Wat die res van Afrika betref, is besluit om vanuit die buitelandsebedieningskommissie se Afrikabeen in die persone van di Eksteen Botes (Hervormd), Deon van Wyk (NG) en Naas Ferreira (Gereformeerd) 'n ondersoek te doen met die oog op die vestiging van 'n geordende bediening waar dit ook al nodig mag wees. In lande soos die DRK, Angola, Mosambiek, Tanzanië, Kenia, Nigerië en nog baie ander Afrikalande is daar al heelwat Suid-Afrikaners gevestig en die kerk wil hulle graag ten dienste wees.

Indien van ons lesers kontakbesonderhede het van mense in Afrika, kan

hulle ons gerus daarvan voorsien. Ook as mense bereid is om die ondersoek na bedieningsmoontlikhede finansieel te ondersteun, sal dit hoog op prys gestel word.

Samevattend

Elke persoon wat beplan om te emigreer, behoort hom of haar vooraf te vergewis van al die kerklike opsies van die land waarheen geëmigreer word. Kerke is oor die algemeen baie ingestel daarop om emigrante te help met inskakeling in hulle nuwe omgewing. Hulle moet egter weet van die nuwelinge in hulle geledere.

Die ideaal bly om by 'n plaaslike kerk met die Reformatoriese tradisie in te skakel eerder as om 'n Afrikaanse kerk te stig met al bogenoemde voetangels. Daar kan eerder met 'n plaaslike kerk onderhandel word om as deel van so 'n kerk 'n Afrikaanse bediening op die been te bring, of gewoon vir 'n oorgangstyd ruimte te skep om soms Afrikaanse eredienste te hou indien 'n geordende predikant beskikbaar is.

Lidmate wat emigreer, kan dr Fanie Pretorius kontak by fanie@nhk.co.za; of skakel 012 3228885.

Leer ons nuwe predikante ken

SA Beukes (Fanie)

HJ Boshoff (Cules)

JH Botha (Heinrich)

M Botha (Mariaan)

PA Harmzen (André)

C Lemmens (Corné)

C Manders (Cobus)

FNS Marais (Frans)

PR Schoeman (Rudi)

JJ van Sittert (Jaco)

JM van Staden (Thinus)

A Viljoen (Anneke)

Notas:

Kerksang?

ALLEN REKENAARORREL

www.allensa.co.za

sê alles

LUISTER, VERGELYK, BEREKEN, BESIN

SUID-AFRIKA SE GROOTSTE
VOORSIENER
VAN KERKORRELS

ALLEN KERKORRELS

Tel: (012) 991 4930
Sel: 082 555 3552
E-pos: jan@allensa.co.za
Webwerf: www.allensa.co.za

Atterbury Value Mart
Atterburyweg
Faerie Glen
Pretoria